**NG Kerk Berg-en-Dal**
**Wyksbyeenkoms kort vóór die Nuwe Lente – Sondagaand, 4 Augustus 2024**

# Ken jy God?
# (of wie se skuld is dit?)

**(Hosea 4:1 tot 5:15)**

Goeiedag/naand Berg-en-Dallers, vriende –

Dit is Augustus, en die afgelope week – ná nóg ’n behoorlike kouefront – kon ons iets in die lug, in die wind aanvoel, en die lig sien verkleur, die son nou kort vóór sewe soggens op. Die seisoen draai; daar is ’n nuwe lente aan’t kom... Ons kanselkleed in die kerk is groen; die kleur van Koninkrykstyd. En ons lees die profeteboek Hosea; ’n liefdesgelykenis. Vir baie van ons, ’n bietjie meer onbekend, en vir ons almal, ’n vreemde vertelling:

**“Die profeet en die prostituut...”**

Ons het in drie eredienste sover die klein gelykenis waarmee die boek begin, gelees en oordink; Hosea 1 tot 3. Vanoggend en vanaand, en oor die volgende klompie Sondae, lees ons verder en dieper agter en onder die gelykenis in; die verklaring van hierdie vreemde opdrag van God aan sy profeet om ’n prostituut te gaan opsoek, aan haar verloof te raak, te trou en kinders te hê, ook haar “ander” kinders te aanvaar...

*“... want die land hou aan hoereer, weg van die Here af.”*
(Hosea 1:2)

Ons nooi jou om in die kleingroep/jul wyk saam te kom lees, luister en gesels oor wat eintlik hier aan’t gebeur was, want, ja – dit raak uiteindelik elkeen van ons héél, héél persoonlik; dié vraag:

**“Ken ek God?”**

Dalk verras dit jou, maar “die woord van die Here” soos die profeet dit moes bring – Hosea 1:1, 2; 3:1 en 4:1 – draai nie doekies om nie en begin dadelik die verklaring van die gelykenis met ’n direkte oorsaak vir die hele tragedie:

**“So die dominee, só die gemeente...”**

Wel, ongeveer. Eietyds gesê. In die taal en konteks van destyds ($8^{e}$ eeu vóór Christus): Die skuld lê by die priesters –

*“Tog moet ’n mens nie aankla en iemand teregwys nie, want dit is jou mense met wie Ek eintlik stryd voer, priester. Jy gaan vandag struikel; ook profete sal vannag saam met jou struikel...”*
(Hosea 4:4-5)

Reëlings oor die tyd en plek van jou naaste Wyksbyeenkoms word deur die ouderlinge getref en deurgegee; ons sal dit Sondagoggend in die Fokus bevestig. Daar is om 18:00 Sondagaand ook ’n byeenkoms in die Jeugkamer gelei deur ds. Jan Lubbe.
Neem jou Bybel saam en hierdie bladsy, met vrae en verdere gedagtes vir jul gesprek...

**Gedagtes vir ’n gesprek:**

1. Die verhaal in Hosea 1 tot 3, is ’n “liefdesgelykenis” waarin die verhouding tussen God en sy mense (Israel), uitgedruk word in die sterk beeld en taal van ’n huwelik, ook van intimiteit én van gebrokenheid. Lees saam met mekaar **Genesis 1:27-28** en **2:20-25**, en **Efesiërs 5:30-33** en deel met mekaar wat die essensie, die kern, van hierdie “geheimenis” is, die liefdesverhouding in ’n huwelik tussen man en vrou.

   ........................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................

2. Wat vertel die “gelykenis”, die “woord wat na die profeet Hosea gekom het”? Kyk kortliks na enkele verse daaroor –

   - **Hosea 1:2** .........................................................................................................
   - **Hosea 2:7 en 12** .............................................................................................
   - **Hosea 3:1** .........................................................................................................

3. Twee keer in hierdie eerste hoofstukke van die verhaal, noem God die essensie van die verhouding, die “liefdesgelykenis” (en die kern van die probleem dus ook) – naamlik?

   - **Hosea 2:18-19** .................................................................................................

     ............................................................................................................................
   - **Hosea 4:1-3** .....................................................................................................

     ............................................................................................................................

4. En dan kom hoofstuk 4, die eerste verklaring van die gelykenis, en word die diepste “klag” direk en konfronterend aan die orde gestel. Wat was dit?

   - **Hosea 4:1(c)** ...................................................................................................
   - **Hosea 4:6** .........................................................................................................
   - **Hosea 4:14** .......................................................................................................
   - **Hosea 5:4** .........................................................................................................

   ........................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................

5. En wie se skuld is dit? Dan lê God as’t ware sy vinger op die diepste seer... Lees **Hosea 4:6-9** en **5:1-3 en 10-11.** Is dit soos die spreukwoord sê, “Só die dominee, só die gemeente”?

   ........................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................

6. Wat moet verander? Of, hoe verander dit? Kyk byvoorbeeld na God se woorde in **Hosea 2:13-16** en **5:15**... Wat sê dít vir ons, hier in ons gemeente Berg-en-Dal, ons tyd en konteks?

   ........................................................................................................................................